Ds. PJ Kriel 19.02.2024

Inhoud Hierdie preek wys dat dit die barmhartigheid van God is waarin Hy Hom oor ons ontferm en nie vir ons skaam nie, wat ons die krag gee om ons van ons sondes te bekeer en nie ons sondes ons trots te maak nie. Geestelikes maak God die krag vir hulle sondes deur te maak asof hulle hul nie van 'n sonde kan bekeer maar oor 'n sonde hul self en eie lewe vir God moet opgee,

Skriflesing Fil. 3: 18.19; Rom. 1: 18.19. 24.25. 28 – 32; Eseg. 36: 25 – 27, 31,32; Heb. 2: 9 -11, 17,18.

Teks Heb. 2:11. "Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie.

Tema In Christus se heiligheid is ons skaam oor ons sonde.

1. Sonde gaan oor mense se klipharte soos Esegiël dit aantoon – hart verhard in sonde. Paulus beskryf in Fil. 3: 19 hoe mense hulself in hul sonde volhard. – hul eer is geleë in hul skande of soos die 1983 vertaling sit stel: hul skande is hul trots. Hulle maak hul skande hulle trots.

Ons sien dit gereeld in klere modes. Een tiener wat arm en verwaarloos is moet met jeans rondloop wat vol gate is. Dan maak hy sy skande sy trots. Hy dra hierdie verflenterde klere met soveel selfvertroue en kragdadigheid dat dit 'n mode word – duur boetiek winkels begin dan verflenterde klere verkoop omdat tieners nou hul eer in hul skande vind. Dit het ook so rukkie gelede so gewerk! Een tiener het een oggend vergeet om sy belt aan te sit en moes toe met 'n broek rondloop wat afsak en sy onderbroek laat uitsteek. Hy maak toe sy skande sy trots en omdat hy soveel aandag kry vir die selfvertroue waarmee hy sy onderbroek wys, begin al die tieners hul broeke so dra dat hul onderbroeke uitsteek. Hulle vind hul eer in hul skande (Fil. 3:19) en praat dit so goed dat almal dit doen. (Rom. 1:32)

Paulus noem hierdie hart wat sy eer in sy skande vind volgens Jesaja 44: 20 'n verwerplike denkwyse of te wel verdraaide opvattings. (Rom. 1: 28 2022 1983 vertalings) Die verharde hart van 'n mens skep verwronge waardes waardeur hulle hul skandes as hul eer kan uitlewe.

Al die ondeugdes wat Paulus in Rom. 1: 29 tot 32 beskryf is die verwronge waardes waarmee goddeloses probeer eer. In hulle tempels was wat Paulus as hul ondeugdes uitwys hul eer en trots. Met hulle verwronge waardes het hulle hul hebsug geëer as die krag van hul welvaart. Het hulle al hul perversheid uitgeleef as ware liefdes. (Rom. 1: 26.27) Hul moorddadigheid het hulle in Apollo se tempel gevier as die respek wat hulle op nasies afdwing. Hul boosheid om ander te vernietig het hulle as hul wysheid beleef. Hulle geslepenheid was vir hulle hul invloedrykheid, hul vindingrykheid in slegtheid hul kreatiwiteit, Hulle kwaadwilligheid hul kragdadigheid, hul liefdeloosheid huls selfliefde en hul ongehoorsaamheid hul vryheid. Met hulle verwronge waardes vind hulle hul eer in hul skande.

2. Die mens wat sy hart verhard deur sy eer in sy skande te vind, maak altyd van God 'n afgod. Hulle doen dit só! Hulle eer, loof, dank en prys God vir die sonde

waarin hulle volhard as ‘n gawe van God. So dank, prys en loof hulle God as die god wat hulle ryk maak deur hulle hebsug, die god wat hulle pervershede as ware liefde seën, die god wat hulle hul self laat handhaaf deur hulle moordadigheid, die god wat hulle die wysheid gee om boos te wees, die god wat hulle met krag vervul vir hulle kwaadwilligheid en die god wat hulle van God se wet bevry om hulself sonder sy wet te kan uitleef in vryheid. In hierdie godsbeelde ervaar hulle hul sonde as ʼn gawe in ‘n intiem persoonlike verhouding met God waarop hulle trots, nie skaam is oor sondes nie. Hulle beleef God as die krag vir hulle sonde. En loof, dank, prys en eer Hom daarvoor.

Om mense wat so in sonde verhard, bespotlik te maak vir hulle verwronge waardes en verdraaide godsbeelde maak nie dat hulle hul verharde hart verander nie. Inteendeel, dit versterk hulle net in hul verhardheid. God wat hierdie mense ‘n bespotting in die wêreld maak, laat hulle net in hul dwaasheid voortgaan totdat hulle en alles om hulle heeltemal deur hulle dwaasheid vernietig is. (Jesaja 6: 8 – 13)

Dit sien ons elke dag in die politiek van mense wat in hul skande hul eer vind. Hulle vind in hul kwaadwilligheid hul krag en verniel so alles en almal. Hulle is vindingryk om slegtheid te beplan en uit te voer en laat die hele staat so ten gronde gaan. En hulle is daarin skaamteloos – geen openbare spot laat hulle verander nie.

Hoe maak God skaamtelose mense, mense wat weer oor hul sonde skaam is?

En dit is wat die profeet Esegiël met die verbondsbeloftes van God in Eseg. 36: 24 – 28 aankondig. God verklaar Hy sal sondaars wat hul self tot skande gemaak het, reinig van hul sonde, nie straf nie. Hy sal hul verharde hart verwyder en hulle nie vir hul dwaasheid belaglik maak nie. Hy sal hulle self ‘n nuwe hart gee wat eer soek in gehoorsaamheid aan God se wet. God sal sy wet nie op hulle afdwing nie. God sal sy Gees in hulle gee sodat hulle in sy liefde kan leef en so bevry word van hulle eie verwronge waardes met hul verdraaide godsbeelde om hul sondes as hul liefde te vier nie. (reinig van afgodery)

En so, deur jou in sy liefde in te sluit en te koester sal jy jou in sy liefde weer skaam vir jou eie sondes. (Eseg. 36: 32) Nie deur jou bespotlik, belaglik, vernederd en verkleineer voor Hom te stel nie.

2. Die evangelie word só in Hebreërs 2 aangekondig – Jesus Christus is nie skaam vir ons wanneer ons skaamteloos in ons sonde is nie. Die diepste afkeur in god oor ons sonde is God wat Hom vir ons skaam as God. Die oordeel van God is om Homself op ons skaamteloosheid te wreek en ons ‘n bespotting in sy skepping te laat wees.

Daarom moet ons die evangelie in Christus hoor – Christus skaam Hom nie vir ons wanneer ons ons eer in ons skande soek nie. Wat doen Hy? Hy is ons barmhartige Hoëpriester wat ons skande aan die kruis geword het. Hy het die offer vir ons verharding in ons sonde geword om ons heilig te maak vir God se liefde: want hy wat heilig maak sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie. ” (Heb.2: 11) Heilig maak beteken heel gemaak, volkome gemaak in en vir God se liefde.

In en deur ons geloof in Christus wat ons in barmhartigheid heilig maak en nie tot skande maak nie, vind ons onsself weer heel vir en in God se liefde.

Dit is die enigste wyse waarop ons weer verleë en skaam word oor ons sondes teen God – wanneer ons weer die waardigheid en eer vind in die liefde waarmee God ons in sy barmhartigheid omvou. God se liefde vir my maak my skaam oor my sondes.

Dit is soos met klein kindertjies – hulle kom skaam verleë na hul ouers, druk hulle kom teen jou been of in jou skoot en vertel vir jou alles wat hulle verkeerd gedoen het. Omdat hulle hulself in jou liefde koester en die vaste sekuriteit het dat jy nie skaam is om hul ouers te wees nie, maar hulle altyd in jou hart vir jou liefde heilig, is hulle skaam oor hulle oortredings.

In die liefde van God waarmee Hy my omvou om heilig in sy liefde te wees, vind ek weer skaamte oor my sondes. God se liefde vermurwe my sondige hart waarmee ek my eer in my skande wil vind.

3. Gelowiges bekeer hulle altyd van sondes uit hulle skaamte oor sonde. Esegiël 36: 24 – 32 openbaar hoe dit deur God se verbondstrou is dat ons oor ons sondes as oortredings begin dink en ons in ons sondigheid ‘n afkeur  - juis in ons skaamte oor ons sonde. In die sekuriteit van my heiligheid in God se troue liefde wat my in Christus omvou, kan ek sonder skande of bespotting my vir my sondes skaam en daarmee breek.

God breek ons as gelowiges nooit in die verharding in ons sonde nie, wanneer ons probeer om ons skande ons eer te maak nie. Hy neem hierdie verhardheid weg. (Eseg. 36: 26)

Dit is die valse bekering wat geestelikes in die kerk preek wat aan ons probeer voorhou dat God ons breek deur ons skandes so te ontbloot dat ons ‘n bespotting vir God en die wêreld is. Deur van ons ‘n bespotting te maak moet ons dan deur hulle tipe bekering gaan – ons moet onsself oorgee, op ons self opgee en wie ons self is, weg gee. Dit is totaal iets anders as om jou vir jou sonde teenoor God te skaam en met jou sondes te breek. Om met jou sones te breek is nie om jouself oor te gee, op jouself op te gee of jouself weg te gee nie.

In hierdie valse bekering maak geestelikes asof God in jou lewe inbreek en jou dan beheer omdat jy nie self tot bekering kan kom nie. Hulle preek hierdie leuen – jy kan nie gehoorsaam aan God wees nie. Dit beteken dat jy net hebsugtig kan wees en nie mededeelsaam kan wees nie. Net so kan jy net pervers wees en nie regtig lief hê nie. Jy kan net self kwaadwillig wees en nie self vriendelik wees nie. Jy kan net self twisgierig wees en nie vredeliewend nie. Jy kan net ongehoorsaam wees en nie self gehoorsaam wees nie.

Daarom moet God jou persoon, jou identiteit en krag as mens breek sodat jy nie meer jouself wil wees nie en net onder die beheer van God jouself oorgee. Hulle maak asof ons soos tieners moet wees wat as jy hulle wys hoe om iets te doen, hulle alles los en sê jy moet dit maar self doen want hulle kan nie doen wat jy sê nie. Maar dit is ‘n geestelike leuen. Ons heiligheid vir God se liefde, maak dat ons in skaamte self ons sondes los en God se wil nastreef.

4. Die verskil waarvoor ons staan in die kerk is – bekeer jy jou in jou skande in of bekeer jy jou van jou sonde? Is jy besig met ‘n skaamtelose bekering of bekeer jy jou in skaamte van jou sonde?

‘n Skaamtelose bekering in jou skande in klink so: “Ek kan nie van my hebsug bekeer na mededeelsaamheid nie, as God so iets van my vra, sal ek opgee op myself en my besluite oorgee aan God, dat Hy self dit in of deur my kan doen. Hy moet maar sy lewe in en deur my kom leef, want ek kan nie leef soos Hy wil hê ek moet leef nie. Ek kan dit nie doen nie. Net so kan ek nie my van my perversheid na liefde bekeer nie. Ek sal niks wees nie sodat God sy liefde maar deur my kan leef.”

Hierdie is die skaamtelose bekering van geestelikes in die kerk wat geen bekering is nie maar net nog ‘n dieper verharding in skande is. Nou is my eer dat ek nie kan anders wees as wat ek is nie, en dat God maar Homself deur my moet wees as Hy van my vra om my van my sonde te bekeer. Skaamteloos vind hulle hul eer daarin dat hulle nie anders kan wees as verhard in sonde nie en dat God maar self moet doen wat Hy vra. Net soos ‘n tiener minagtend alles wat hy verkeerd doen nie wil verander nie maar vir sy ouers stel dat hulle dit maar self moet doen as hulle dit anders gedoen wil hê as wat hy dit verkeerd doen. Sy oorgawe om self niks te doen nie maar alles nou vir sy ouers te los, is net ‘n verdere verharding in die eer wat hy in sy skande vind” ek is wat ek is en dit is my eer.

In ons geloof in die Here Jesus dat Hy ons heilig in en vir sy liefde laat wees, skep die Here in ons ‘n skaamte vir ons verharding in sonde en gee Hy ons die hart om ons eer in sy liefde en nie in ons skande te soek nie. (Eseg. 36: 26.27) In hierdie verwydering van ons kliphart en gee van ‘n nuwe hart deur sy verbondsliefde, breek ons met sonde en verbind ons ons daaraan om sy wil in sy wet te gehoorsaam. En daarmee hou ons altyd aan. Ons val nie vir die leuen dat ons moet ophou om self te probeer omdat ons te sleg is om God lief te hê en daarom alles moet los en aan Hom moet oorgee om dit self te doen nie.

Ons is verheerlik in God se liefde, geheilig in sy liefde en daarom sit ons skaam ons kop in sy skoot en keer ons ons weg van dit wat eers ons eer was – ons skande.

Ons bekeer ons nie in ons skande in nie, ons bekeer ons van ons sonde.